

# **Die Bybel in Praktyk**

6 Desember 2021

## **Johannes 14:16 – 18**

As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

~ ~ ~

## **Johannes 14:26-27**

en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.

~ ~ ~

## **Jeremia 29:11-13**

Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.

~ ~ ~

## **Johannes 15**

Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.

As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het.

~ ~ ~

## **Johannes 16**

En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee.

Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.

want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het.

~ ~ ~

## **Johannes 17:17-18**

Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid. Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

~ ~ ~

## **Jesaja 26:3-4**

U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.

Vertrou op die Here vir ewig, want in die Here Here is 'n ewige rots.

~ ~ ~

## **Jesaja 40:28-31**

Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.

Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.

Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs;

maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

~ ~ ~

## **Openbaring 21**

En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde.

Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

## **Hallelu-Yah**